



Ook deur Peet Venter

Die dooies praat nie
Dieper as die bloed
*Ou bloed
*Waar boosheid broei
*Plasenta
*Lem
Brand
Soos 'n diep waterkuil

*Slegs as e-boek beskikbaar.

Een vir een

Peet Venter

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

© Teks: Peet Venter 2021
© Publikasie: LAPA Uitgewers, 'n divisie van Penguin Random House
Suid-Afrika (Edms.) Bpk.
Growthpoint Besigheidspark
Tonettistraat 162
Halfway House Uitbreiding 7
Midrand
1685
Tel: 011 327 3550
E-pos: lapa@lapa.co.za
www.lapa.co.za

Geset in 10.5 op 15.9 pt Baskerville Win95BT
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Jeanette Ferreira
Omslagontwerp: Instinct Design
Gedruk en gebind deur Novus Print, Suid-Afrika

Eerste uitgawe 2021

ISBN 978-0-6396-0766-5 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-6396-0767-2 (ePub)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Lys van karakters

Alan en Brian Styles, verbonde aan misdaadkabaal

Bernie Beck, eienaar van die casino en hotel Silver Moon

Brenda Smith, in 'n verhouding met Zoltan Slović

Carmen Hartzler, Fritz se tienerdogter

Chantel Hendriks, Shaun Davids se stiefsuster

Die professor, boemelaar

Dieter Hartzler, Fritz Hartzler se broer en boer

Don en Jerry Knox, verbonde aan misdaadkabaal, Gail Knox se
broers, Don is eienaar van die disko Purple Cloud

Fritz Hartzler, speurkaptein

Flippie, boemelaar

Gail Knox, Don en Jerry Knox se suster

Grews, leier van paramilitêre transitorowers, 'n groep oudsoldate

Gerrie, boemelaar

Gerrit Bosman, adjudant verbonde aan Moot se polisie

Govender, majoor, speurafdeling

Ingrid Malan, Fritz Hartzler se suster, prokureur, getroud met Danie

JC Combrink, geselserige toeskouer

John Hollier, brigadier, afdelingspeurhoof

Mahlaba, afdelingskommissaris

Makopane, brigadier, speurhoof by Moot

Miroslav Marković, eienaar van MM Holdings, 'n front vir sy onwet-
tige bedrywighede

Moloto, luitenant

Neels Bekker, vroeër 'n luitenant by polisie se eenheid vir Georganiseerde Misdad, tans varkboer

Niek Bosch, Don Knox se uitsmyter by sy klub Purple Cloud

Pailane, voormalige Nasionale Kommissaris

Prince Baloyi, taxibaas

Roy Farrel, oud-Selous Scout, eienaar van 'n toevlug vir oud-Rhodesiërs by Hekpoort, by misdaad betrokke

Sebola, majoor, stasiebevelvoerder

Sekopane, sersant

Shaun Davids, kolonel by Georganiseerde Misdaad, Chantel Hendriks se stiefbroer

Tessa Hartzler, Fritz se vrou, onderwyseres

Vilakazi, majoor van Hoofkantoor

Zoltan Slović, immigrant, in 'n verhouding met Brenda Smith, werk vir Miroslav Marković

Een

As ek 'n genadiger werk gekies het, sou ek nie op 'n Maandag 'n nerf ná sonop ongeskeer, ongestort en op 'n nugter maag in Burgerspark na Zoltan Slović staan en kyk het nie. Hy sit op 'n bank, hande op sy skoot, kop vooroor. Op 'n afstand het dit gelyk of hy dut, maar van naby vertel sy bebloede hemp 'n heel ander storie. Slović is in 'n veel dieper staat van rus. Die man is so dood soos die bank waarop hy sit.

Dis nie juis 'n verrassing om hom só te sien nie. As jy jou op die donker paaie van die onderwêreld begeef, moet jy maar saamleef met die moontlikheid om gewelddadig aan jou einde te kom. Hulle noem dit beroepsrisiko. Nogtans vind ek sy heengaan redelik ontstellend. Nou nie tot traanstortens toe nie. Dit sou net gaaf gewees het as Slović sy afskeid kon uitstel tot ná ek 'n woordjie of twee met hom gewissel het oor die moord op Prince Baloyi.

Gelukkig is die ou lewe darem nie gatkant rondom nie. Mens moet net blymoedigheid behou en die positiewe dinge ook raaksien en waardeer. Dit kon byvoorbeeld winter gewees het en dan sou ek in die koue en donker hier gestaan het. Dit kon gereën het. Maar dis nie winter nie en dit reën nie. Dis 'n lieflike Oktober-oggend, die jakarandas blom uitbundig en as ek my ore fyn instel, kan ek selfs 'n voëltjie of twee iewers hoor hoes.

Maar ek is nie op 'n uitstappie nie, daar is werk om te doen.

Die snye in Slović se hemp dui sterk op steekwonde en as ek die saak so beskou, lyk dit of hy 'n hele paar van die goed opgedoen het. Dit lyk nie of hier 'n bloedspoor in die omgewing is wat kan aandui of hy op eie stoom hier gekom het of iewers anders vermoor is en hier neergesit is nie. Wat in elk geval 'n simpel ding sal wees om te doen. Alhoewel, met georganiseerde misdaad weet mens nooit. Daar is ekshibisioniste onder hulle wat opsluit hulle werk moet uitstal. Vryheid van uitdrukking, noem hulle dit.

Die twee uniforms wat nog vroeër as ek hier was, staan my en kyk asof hulle verwag dat ek iets moet sê.

“Het julle nie 'n seiltjie om oor die man te sit nie?” sê ek maar iets. Hoekom sal ek nou moeilik wees?

Beide skud hulle koppe. “Nee, Kaptein,” brei een uit.

“Is julle nie veronderstel om van die goed in julle voertuie te hou nie?”

Die woordvoerder haal sy skouers op. “Ander mense vat dit.”

Wat seker 'n aanvaarbare verskoning is, die mens is mos maar 'n vatterige spesie. Maar laat ek liever nie te spesifiek raak nie.

'n Skraal man met grys hare en 'n bril staan 'n entjie weg by 'n lammaal en kyk ook na my. Daar is 'n subtiele aura van waardigheid aan hom, asof hy iets in die lewe bereik het maar dit nie te ver uithang nie. Hy het 'n wynrooi sweetpak en wit sportskoene aan. In sy een hand hou hy 'n leiband waaraan iets soos 'n wolruspe met hiperaktiewe groeikliere vas is.

Asof die gediertetjie my waninterpretasie kan aanvoel, lig dit 'n agterbeen teen die lammaal en help my reg betreffende spesie en geslag.

In sy ander hand het die man een van daardie plastieksakke wat mens by supermarkte koop om jou aankope in huis toe te vat en dan nie weet wat om daarmee te doen nie. Ek raai dat dit in hierdie geval volhoubaar vir hersirkulasie doeleindes aangewend word om die af-fêrinkie aan die leiband se nalatenskappies in te vat huis toe. Ter wille van publieke higiëne.

“Is dit die man wat ingebel het?”

Beide uniforms knik bevestigend. “Meneer Combrink,” brei die woordvoerder uit.

Ek loop nader. “Môre. Meneer Combrink?”

“Môre,” sê die man. “Ja, Johannes Combrink. Noem my sommer JC.” Hy spreek dit op die Engelse manier uit: Jay See.

“Ek is Fritz Hartzler, speurafdeling.”

“Aangenaam.”

Hy het nie ’n vakante hand om mee blad te skud nie, wat maar beter is, ek is nie in ’n vatterige luim nie en weet nie wat in die sak is nie.

“Ek kom stap vroegoggend en laatmiddag met Gogga hier in die park,” vertel JC sonder dat ek hoef te vra. Hy lig sy hand waarin hy die leiband vashou net genoegsaam om my te laat verstaan dat wat aan die ander end vas is, Gogga is.

“Woon jy in die omgewing?”

“Ja, daar in Burger’s Court.” JC beduie met sy sakhand skuins by my kop verby na Lilian Ngoyistraat se kant toe.

Gedagtig aan wat moontlik in die sak is, kan ek nie help om so eifens te koes nie en maak toe maar of dit my oordrewe manier is om my sakboekie en pen uit my sak te haal.

Ek skryf die man en woonstelgebou se name neer.

“Woonstel- en foonnommer?”

Hy dikteer, ek skryf.

“Hoe vroeg was jy hier in die park?”

“Knap ná vyf. Dis net ’n paar minute se stap van die woonstel af. Ek was verras om meneer Slović hier te sien. Ek het eers gedog ...”

“Ken jy hom?”

“Wel, nie kén nie. Ons het kennisgemaak, maar nooit werklik gesels nie. Aanvanklik het ons mekaar net gegroet, maar hy het so eenzaam gelyk, toe stel ek my eendag aan hom voor. Hy was nie ’n baie spraaksame man nie. Ek weet nie of hy maar net inkennig van geaardheid, of selfbewus oor sy taalvaardigheid was nie. Sy Engels was nie te waffers nie, maar heel verstaanbaar. Hy het darem vir my vertel dat hy van Serwië kom en nog nie lank in die land is nie en dat hy daar

in Cedar Court woon.” Hy beduie weer met sy sakhand skuins by my verby.

Ek weet waar Slović gewoon het, maar steeds nie wat in die sak is nie. “Wanneer was dit?”

“Ekskuus?”

“Wanneer het julle ontmoet?”

“O. Ek het hom sowat ses, sewe maande gelede die eerste keer hier gesien. Dit was kort ná Emma, my vrou, se dood. Maar dit kan wees dat hy langer hierheen gekom het. Met Emma se siekte kon ek vir ’n ruk nie ...”

“Hoekom was jy dan verras?”

“Ekskuus?” vra turbotong JC met ’n ondertoon wat my laat wonder of daar iets met my taalvaardigheid skeel.

“As julle mekaar reeds vir ses, sewe maande hier raakloop, hoekom was dit ’n verrassing om hom vanoggend hier te sien?”

“O. Nee, hy het nooit soggens gekom nie. Net smiddae. Om die duiwe kos te gee as die weer dit toelaat, uiteraard. Soms was hy vir ’n paar dae nie hier nie, al was dit mooiweer. Ek vermoed dis tye wat hy moes weggaan vir sy werk. Hy het nie vir my gesê wat hy vir ’n lewe doen nie en ek het ook nie gevra nie. Nietemin, hy het altyd op hierdie bank gesit, van so skuins voor sononder af. Ek weet nie hoe lank hy gewoonlik hier gesit het nie, want wanneer ek teen sononder huis toe gaan, het hy nog hier gesit. Dit hang natuurlik ook van die seisoen af, nè. In die winter gaan die son vroeër onder as in die somer. Maar as mens die gemiddeld neem, kan jy seker sê ek gaan so om en by sesuur huis toe. Gogga moet sy aandete om ses-dertig kry, sien, anders maak hy dit nie tot die oggend om sy besigheid ...”

“En toe jy hom vanoggend hier sien sit?”

“Ja, toe ek hom vanoggend hier sien sit, dog ek eers hy het een of ander toeval gehad. Dalk ’n beroerte, jy weet. Emma het beroertes gehad, ’n hele reeks, die een erger as die vorige. Nietemin, toe ek naderkom, dis nou vanoggend, sien ek die bloed en bel die noodnommer.”

Liewe hemel, kon Slović nie ’n minder spraaksame persoon gekry het om hom hier dood te kom kry nie? Ek probeer dit in my kop

sinvoller herfraseer sodat ek ook kan verstaan wat ek dink, maar my brein wil nie lekker saamwerk nie. Die ding het seker 'n saak daarmee dat sy bloedtoevoer nog kafeïenvry is.

“Het jy iemand of iets anders gesien wat verdag lyk?”

“Wel, nou nie verdag in die letterlike sin nie, meer ongewoon,” sê hy. “Die boemelaars wat daar in die orkeskoepel slaap, was reeds weg toe ek hier kom. Die reëling is dat hulle soggens vir my wag, want wanneer hulle laatmiddag terugkom is ek reeds huis toe. Soos ek sê, Gogga kry sy aandete ...”

“Hoekom wag hulle soggens vir jou?”

“Ek bring vir hulle iets te ete. Brood en vrugte.” Liefdadige JC hou die sak voor my gesig.

Dankie tog. So word die een ná die ander grillerige misterie opgelos.

“Hoeveel boemelaars?”

“Drie,” sê hy.

“Weet jy wat hulle name is?”

“Die professor, Flippie en Gerrie.”

“Die professor?”

“Gerrie en Flippie noem hom só. Ek weet nie wat sy regte naam is nie. Ek vra liever nie te veel uit oor persoonlike dinge nie, jy weet. Daar het dalk iets in hulle lewe gebeur wat ...”

“Weet jy wat Gerrie en Flippie se vanne is?”

“Nee.”

Ek wag dat hy verduidelik hoekom nie, maar hy doen dit nie, wat my effens van koers af gooi. “Kan jy hulle vir my beskryf?”

“Ja. Gerrie het ligte hare, lank. En 'n volbaard. Hy lyk nog jonk, groot en forsgebou. Hy laat my nogal aan 'n boer dink, want hy dra kakieklere. Ek het op 'n plaas grootgeword en my oorlede pa het altyd kakieklere gedra wat hy by die koöperasie ...”

“En die ander twee? Die professor en Flippie?” Hemel, mens moet een of ander lisensie hê om met hierdie man te praat.

“Flippie se hare is donker. Hy lyk ouer as Gerrie, ook lank van lyf, maar nie so fors nie. Alhoewel, sy arms is gespierd. Seningrige spiere

in die voorarms, soos iemand wat lank harde handarbeid gedoen het. My oorlede pa se arms het ook ...”

“En die professor?” Wat is dit met die man en sy oorlede pa?

“Hy lyk na die oudste. Gemiddelde lengte en skraal van postuur. Hy moes eens beter daaraan toe gewees het, want hy dra ’n pak en das. ’n Grys pak en ’n rooi das. Elke dag dieselfde pak en das, uiteraard. En hy dra ’n bril. Dis seker hoekom hulle hom die professor noem.”

’n Bril kan seker ’n akademiese indruk skep. En ek glo nie ’n boemelaar het ’n kas klere iewers met ’n pak en das vir elke dag van die week nie. Uiteraard.

“Kan ek maar bel as ek met jou wil praat?” Dit laat my voel of ek ’n gat vir myself grou. “Bedags, natuurlik.”

“Ja, seker. Ek is ’n pensioenaris en meestal tuis. Jy kan saans ook bel, tot so negeuur, halftien, dan gaan ek bed ...”

“Jy sal ’n volledige verklaring moet aflê. Pretoria-Sentraal. Weet jy waar dit is?”

“Ja, op die hoek van ...”

“So gou moontlik, asseblief.” Ek weet waar die plek is! Ek flippen werk daar!

“Natuurlik. Ek sal dit sommer vandag doen. Ná Emma se heengaan het ek nie juis baie ...”

“Het jy vervoer? Ek kan iemand stuur.”

Dis nie nodig dat ek die aanbod maak nie, maar as ek nie keer dat die man aanhou praat nie, gaan ek vanmiddag nog hier staan en hom in die rede val.

“Ek sal sommer stap, dis mos net ’n paar blokke,” sê hy.

Ek gee ’n visitekaartjie vir hom, wat so goed is soos ’n graaf om die gat mee dieper te grou. “Bel my asseblief as iets jou byval. Enigiets wat dalk kan help. Enige tyd.”

My werk is een van opoffering.

Hy vat die kaartjie, kyk daarna. “Goed ... Kaptein.” Hy sê “Kaptein” asof hy ’n openbaring gehad het. “En bel my gerus as jy hulp nodig het.”

Dit neem my ’n paar oomblikke om sin daarvan te maak. Die beste

resultaat wat ek kry, is dat hy my moet bel as hy nog kan help en ek hom moet hom bel as hy nog kan help. Of so iets.

“Dankie. Dan kan jy maar gaan.”

Hulpvaardige JC knik en loop. Gogga kriel saam. Inderdaad soos ’n wolruspe. ’n Grote.

Gogga? Paslik. Nogal.

Groepies mense het al aan Thabo Sehume- en Lilian Ngoyistraat se kante by die hekke opgedam. Van hulle skreeu dinge wat ek nie verstaan nie en die twee uniforms skreeu dinge terug wat ek ook nie verstaan nie.

“Wat sê hulle?”

“Hulle raas oor ons toegemaak het. Hulle sê dis hulle right om shortcut deur die park te vat, dis die public place,” sê die een wat met my praat. Ek weet nie wat ek aan die ander een gedoen het nie.

“Sê vir hulle as hulle nie so gestaan en raas het nie, kon hulle lankal gewees het waar hulle wil wees.”

Die woordvoerder dra die boodskap oor en van die mense skreeu iets terug wat beide uniforms half verleë na my laat kyk. Laat dit liever daar. Om in ’n bekgeveg betrokke te raak met die hulp van ’n tolk sal nie lekker werk nie. Vertalings laat mos die eiesoortige idioom verlore gaan. Buitendien kan die antwoorde en aanbevelings wat gereed op my tong lê oor waarheen hulle kan vlieg as verbale polisiebrutaliteit vertolk word.

“Hoe laat was julle hier?”

“Quarter past five,” sê die een wat met my praat.

“Het mense toe al deur die park geloop?”

“Nog nie.”

Nie dat Slović noodwendig aandag sou trek as iemand vroeër deur die park geloop het nie. Hy sit hier in die noordelike gedeelte van die park, rug suidekant toe. En as ek die saak so beskou, lyk dit of die kortpaaie ter sprake daar aan die suidekant is, tussen die hoeke van Jeff Masemola, Lilian Ngoyi en Thabo Sehume onderskeidelik. En dit lyk in elk geval meer na ’n kwessie van regte uitoefen as om die pad werklik korter te maak. Tensy jy die kennisgewings ignoreer en oor

die grasperke loop, pleks van die paadjies volg. Daar is natuurlik altyd dié wat aan selektiewe disleksie ly.

Ek vroetel in oorle Zoltan se sakke vir 'n selfoon, kry nie een nie. Ook nie sleutels nie. Net sy beursie en paspoort. Die skouerholster wat hy onder sy baadjie aanhet, is ook leeg. Of die wapen wat daarin was gelisensieer is, is te betwyfel, maar dis nie my terrein nie. Tensy daar voorheen 'n moord of twee mee gepleeg is. Wat nie onwaarskynlik is nie.

Ek kyk die beursie deur. 'n Paar visitekaartjies van MM Holdings – dit is Miroslav Marković se wettig geregistreerde besigheid, as front vir sy onwettige bedrywighede. Daar is ook geen bankkaarte nie, net 'n tydelike rybewys. Drie honderd en iets rand in note. Blykbaar het Slović kontant geleef, wat 'n soort geldwassery kan wees. Daar is 'n foto van 'n mooierige vrou met lang blonde hare. Nog 'n foto van Slović en dieselfde vrou wat arms om mekaar, koppe teenmekaar staan. Breë glimlagte. Dis buitenshuis geneem. Daar is mense, plante, lug en 'n gedeelte van 'n gebou in die agtergrond. Ek dink ek herken die huis. Dit lyk soos Miroslav Marković se kasteel in Irene. Verder is daar niks in die beursie nie. Ek sit dit terug in Slović se sak.

Iemand gaan seker weer by iemand kla omdat ek bewysstukke kontamineer, maar ek het nie handskoene by my nie en is nie lus om my sakdoek te gebruik om aan ander mense se goed te vat nie. Dis maar hoe ek is as dinge so vroeg in die oggend vir my skeefloop. Moedswillig. 'n Bogdogtertjie van Forensies het eendag vir my gesê ek is kinderagtig. Kan jy dit oorvertel? Ek wou iets vir haar terugseê betreffende die donserige kwaliteit van sekere liggaamshare op 'n sekere ouderdom, al het sy 'n graad. Maar ek het liever stilgebly. Wat jy dink, bly jou eie, maar wat jy sê, kan 'n vark van jou maak.

Ek hoef nie langer te bly nie. Die twee uniforms kan vir Slović opas en die spesialiste moet maar hul opwagting maak wanneer hulle wil. Buitendien, as die nuusjagters my hier vang, is dit weer klagtes en teregwyding oor my onaanvaarbare openbare gedrag.

Daar is nie genoeg tyd om terug te ry huis toe, te stort en skeer, ontbyt te eet en dan betyds op kantoor te wees nie. Maar ek kan 'n draai

by Slović se woonstel maak en nog betyds op kantoor wees. Die lekkerte daarvan is dat ek sommer kan stap, die woonstelgebou is net daar op die hoek van Thabo Sehume- en Jeff Masemolastraat. En ek geniet dit tog so om te stap as my maag na my mangels hap. Ek kan natuurlik die entjie ry en dan tot vanaand vir parkeerplek soek, of my kar volgende week by die skut gaan haal. Iemand het my Police on duty-kaart gesteel en ek het nog nie iemand anders s'n teruggesteel nie.

Ander mense vat dit. Inderdaad.

In die loop skakel ek Tessa se nommer.

“Hallo, ou hero.”

“Hallo, supervrou. Alles reg daar?”

“As ek jou dogter by die ontbyttafel kan kry en ons betyds by die skool kan wees, ja.”

Wanneer Carmen iets doen wat Tessa irriteer, is sy my dogter.

“Wat maak sy?”

“Staan voor die spieël en kla oor haar neus en gaan aan oor haar hare,” sê die ma van my dogter.

“Dis mos wat julle vroumense doen.”

“Toe ek so oud soos sy was, was ek doodgelukkig met kort hare en het vere gevoel vir die vorm van my neus. Ek vermoed daar is ’n romanse in die weer.”

“Wát? Wie?”

“Sy naam is Dirkie Snyman. Hy is in haar klas. ’n Oulike seun. Ek sien hulle met pouses saam op die speelgrond, daar word toebroodjies uitgeruil. En Ans sê daar word vir mekaar ogies gemaak in die klas.”

Ek het vroeg in my skoolloopbaan geleer dat niks in die klas ’n onnie se oog ontgaan nie. Ans van Vuuren herinner my sterk aan een wat in my laerskooldae vir ’n volle jaar lank die hoofrol vertolk het in die naaste nagmerries wat ek ooit gehad het.

“Tessa, Carmen is twaalf.”

“Hormone het hulle eie kalender, my ou, en Carmen s’n stuur haar ten minste in die regte rigting. Dirkie se pa is die voorsitter van die beheerliggaam en ’n skatryk sakeman.”



“O. Wel ...”

“Wel, wat?”

“Ek is net nog nie voorbereid daarop dat sy nou al in seuns sal belangstel nie. Dit laat my oud voel en ek is nog nie reg om oud te wees nie.”

“Ontspan, dis nog lank nie trousake nie. Waar is jy? Ek hoor verkeer.”

“Ek is nog hier by Burgerspark, dan gaan ek kantoor toe.”

“Wat van ontbyt?”

“Ek sal kry. En sê vir Carmen as watsenaam by haar wil vlerksleep, wil ek eers sy pa se bankstate sien.”

“En as watsenaam se pa jónú bankstate wil sien?”

“Dit werk nie so nie. Dis hy wat lobola moet betaal, nie ek nie.”

“Jy is altyd so ’n redelike mens. Hier kom sy nou uiteindelik. Ons moet spring.”

“Veilig ry.”

Terwyl ek vir die verkeerslig wag, wonder ek hoe Tessa kan sê dat Carmen te jonk is om ongelukkig te wees oor haar hare en neus, maar oud genoeg om vir seuns ogies te maak. Moet mense dinge so ingewikkeld maak?

Maar laat ek my later daarvoor verknies, my dag het reeds met ’n probleem afgeskop. ’n Groot een. Met Slović nou nie meer met ons nie, sien ek nie meer ’n paadjie tussen al die vraagtekens deur nie.

Die woonstelgebou is op pilare sodat die inwoners wat dit kan bekostig, hulle karre onder die gebou tussen die pilare kan parkeer. Slović se ouerige Mercedes staan daar. Of liever, die Merc waarmee hy gery het. Ek weet dis onder die naam MM Holdings geregistreer.

Ek klop aan die opsigter van die gebou, meneer Green, se deur.

“Nog nie,” sê hy toe hy die deur oopmaak. “Sal jou bel as ek hom sien.”

Ek sal ook gatvol raak vir iemand wat vir ’n week lank knaend aan my deur kom klop oor ’n ding en tussenin nog bel ook.

“Hy sit daar in die park op ’n bank.”



“O, oukei dan.” Green beskou die saak blykbaar as afgehandel, want hy begin die deur toestoot.

“Dood.”

“Shit.” Die deur kom tot stilstand, so halfpad tussen oop en toe. “Hoe dood?”

“Morsdood.”

“Ek meen, natural causes, of wat?”

“Vermoor.”

“Shit.” Die deur gaan verder oop, tot amper heeltemal. “Jy sê hy sit?”

“Ja.”

“Kan mens nog sit as jy dood is?”

“Slović kry dit reg. Hy moes die een of ander tyd hier by sy woonstel gewees het, gister, laas nag.”

Green haal sy skouers op. “Het hom nie gesien nie. Moes seker laat gewees het. Het vroeg gaan slaap.”

Kontekstueel aanvaar ek hy bedoel dis Slović wat dalk laat hier was, nie hy nie. En hy het vroeg gaan slaap, nie Slović nie.

“Ek moet sy woonstel deurkyk.”

“O, oukei.” Die deur begin toegaan.

“Ek het nie ’n sleutel nie.”

“O, oukei. Wag.”

Hy maak die deur in my gesig toe. Ek wag. Hy maak die deur weer oop en hou ’n sleutel na my toe uit.

“Jy moet saamkom.”

“Hoekom?”

“Om te kyk dat ek nie van sy goed wegdra nie.”

“Jy’s dan ’n poliesman.”

“Dis hoekom.”

“O, oukei.”

Ai!

Ons ry saam in die bedompige hysbak op na die vierde vlak.

“Het Slović besoekers gekry?”

“Nie wat ek gesien het nie.”

“Het jy ’n blonde vrou saam met hom gesien?”

“Nie wat ek kan onthou nie.”

Die hysbakdeur skuif oop en vir ’n rukkie speel ons die jy-eerste-nee-jy-eerste-speletjie. Toe beur ons skouer aan skouer uit. Green loop voor in die loopgang, hy is die een met die sleutel.

Hy mik om nommer 404 vir my oop te sluit, wat toe nie nodig is nie, want die deur staan op ’n skrefie oop.